Verwysing: 20210721-4498
Lêerno.: 12/17/11
Navrae: E Brown

e-Leer-minuut: 0003/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en opvoeders van alle openbare skole

Onderwerp: Riglyne oor die WKOD se hersiene e-Portaal-leerderbord vir leerders in die Verdere Onderwys en Opleidingsband

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se e-Portaal (https://wcedeportal.co.za/) is 'n voorkeur-onderwysplatform vir digitale inhoud vir alle Wes-Kaapse skole, ingeslote vir opvoeders, leerders, ouers en skoolbestuur.

2. Die e-Portaal bied 'n leerderbord vir graad 10 - 12-leerders in die Verdere Onderwys en Opleidings- (VOO-) band. Die doel van die leerderbord is om gemengde onderrig- en leermodelle te ondersteun en versterk en selfgerigte leerpraktyke te rig.

3. Die doel van hierdie minuut is om 'n riglyn aan VOO-opvoeders en -leerders te verskaf oor hoe om op die leerderbord te registreer en te navigeer op rekenaars, selfone of mobiele toestelle (**kyk Bylae A: Leerderbordriglyne**).

4. Ná registrasie op die e-Portaal, sal VOO-leerders toepaslike digitale inhoud ontvang wat deur senior vakkurrikulumbeplanners na hulle profiele, volgens hulle vakkeuses, gestuur is. Hierdie funksionaliteit sal die behoefte aan uitgebreide en tydrowende soektogte uitskakel en sal leerders voorsien van toepaslike e-hulpbronne volgens kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaringstandaarde en vereistes. Hierdie funksionaliteit verminder die tyd wat leerders bestee om na hulpbronne te soek deur versamelings toepaslike, gratis hulpbronne te verskaf, volgens hul graad en in ooreenstemming met die KABV.

5. Wanneer leerders op hulle geregistreerde profiele inteken, sien hulle twee nuwe funksies op die tuisstrokie, te wete "My Dashboard" en "My Profile":

"My profile"	Leerders kan hulle profiel aanpas deur hulle graad, skool en vakkeuses by te voeg. Hulle kan minstens sewe en hoogstens tien vakke kies.
"My Dashboard"	Leerders sal inhoud ontvang wat na hulle leerderbord gestuur is en wat in weeklikse lesse, e-hulpbronne en assesserings verdeel is. e-Hulpbronne kan volgens kwartaal gekies word.

6. Graad 12-leerders word herinner dat toegang tot vorige Nasionale Senior Sertifikaat-vraestelle met memorandums verkry word in die "Learner Space: My Dashboard (Assessments)" wat ter voorbereiding vir hulle finale eksamens gebruik kan word.

7. 'n Videogreep is voorberei om leerders te help om op die leerderbord te registreer en navigeer. Leerders word aangemoedig om na die videogreep te kyk deur op die skakel (https://wcedeportal.co.za/eresource/202141) te klik of die VR-kode te skandeer.

SCAN ME

8. Indien skole enige navrae het, moet hulle met die distrik se e-Leeradviseur kontak maak via die volgende skakels:

Distrik	**Skakel**
Metro-Noord	https://wcedeportal.co.za/metro-north-elearning-team
Metro-Sentraal	https://wcedeportal.co.za/metro-central-elearning-team
Metro-Suid	https://wcedeportal.co.za/metro-south-elearning-team
Metro-Oos	https://wcedeportal.co.za/metro-east-elearning-team
Weskus	https://wcedeportal.co.za/west-coast-elearning-team
Kaapse Wynland	https://wcedeportal.co.za/cape-winelands-elearning-team
Overberg	https://wcedeportal.co.za/overberg-elearning-team
Eden & Sentrale Karoo	https://wcedeportal.co.za/eden-and-central-karoo-elearning-team

9. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders, leerders en ouers in die VOO-band te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-07-22